

Donderdag 24 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 125 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 125:1, 2

Toegevou in die kokon van God se genade

Pelgrims op pad na Jerusalem! Reisigers op pad na ons ewige vaderland! Vreemdelinge en bywoners op aarde – só praat die Bybel van gelowiges.

Psalm 125 is nóg 'n pelgrimslied. Daar was baie gevare op die pelgrimspad. Maar dié pelgrim is nie vol angs nie! *Waarom? Want die wat op die HERE vertrou, is soos die berg Sion wat nie wankel nie, maar bly tot in ewigheid.* Gelowiges wat op die onveranderlike Verbondsgod vertrou, word met die *berg Sion* vergelyk. Dit is die tempelberg. Die tempel is God se woonplek by sy volk. 'n Berg is beeld van iets wat vas staan – onbeweeglik. Só is elkeen wat op die HERE vertrou – soos 'n berg wat nie deur versoekings en beproewings van God af weggeskuif kan word nie. Geloof in die getroue Verbondsgod – dít bring vastigheid en stabiliteit in jou lewe.

Waarom? Want: rondom Jerusalem is berge; so is die HERE rondom sy volk van nou af tot in ewigheid. Aan die oostekant is die Olyfberg. Aan die westekant is heuwels. Aan die noordekant die berg Moria. Aan die suidekant die Perasimberg. Jerusalem lê veilig toegevou tussen die berge. Dié berge bied egter net tydelike en beperkte, net aardse en horisontale beskerming.

Die HERE, die getroue Verbondsgod, is *rondom sy volk!* Rondom – nie net horisontaal, aards nie, maar ook vertikaal, hemels! Dié wat in Hom glo en op Hom vertrou, is as't ware toegevou in sy hande – toegevou aan alle kante. Beveilig reg *rondom* – van bo en onder, van links en regs – soos in 'n kokon! Toegevou en beskerm teen alle sigbare en onsigbare vyande wat jou liggaam en jou siel wil vernietig!

Elkeen wat op HERE vertrou, mag in hierdie kokon van God se genade lewe, omdat Jesus daardie plek vir jou gekoop het. Hy is onder sy Vader se beskerming uitgestuur om die bange Godverlatenheid in ons plek te ondergaan. Só het Hy plek gereed gemaak sodat elkeen wat in Hom glo, kan lewe – toegevou in die kokon van God se genade – vir ewig!

Sing: Psalm 125-1:1, 2, 3

Ds. AP Krüger (Abraham) (Wolmaransstad)